


KONINKRYKSTYD
26 JULIE 2026

NED. GEREF. KERK
WELLINGTON-NOORD



# NOORDNUUS

- **Erediens** **09:30 | Kerkgebou**
- **Predikant** **Ds. Francois Human**
- **Orrelis** **Annemarie Schoeman**
- **Deuroffer** **Sunfield Homes**
- **Digidiens** **Ds. Francois Human**

## KINDERS | JEUG

**Voorskool tot Graad 3** deel in kindermoment tydens erediens en gaan dan saal toe. U kan dan weer u kind na die erediens by die kerksaal kry. Die **Graad 4 tot 10 leerders** gaan saal toe vir hul ontmoetings na afloop van die erediens. **Belydenisgroep** net na erediens in konsistorie.

## Algemene Inligting

MacCronestraat 11 - Wellington - 7655
021 873 2763 I info@wellingtonnoord.co.za

Bankbesonderhede: ABSA | Wellington | 430 580 019
**Kantoorure | Skriba** | Maandag - Vrydag | 8:30 - 12:30
**Gemeentebestuurder** | Maandag - Donderdag | 7:30 - 15:30
Vrydag | 7:30 - 14:30

zapper
The rewarding way to pay

www.wellingtonnoord.co.za

# VERJAARSDAE | JULIE / AUGUSTUS

**26** Hansie Eyssen | Ronel van der Merwe | Annalene Smit | Adriaan Venter

**27** Diaan Walters | Marinda Fourie

**28** Jorrie Jordaan

**29** Johan Bauermeister | Leana Goosen | Anton van Wyk | Chevon du Toit

**31** Sunette Koen

**01** Renco Basson | Hannes Strauss

## Neem kennis

- Welkom Waldo Groenewald (NGK Wellington-Oos) en Hané Swart (NGK Agter-Paarl)! Ons is so bly julle by ons het – veral dat ons saam met julle kan reis as verloofdes!

## BASAAR

- Indien u wil betrokke raak by die Basaar is u welkom om vir Lillibet de Wet te kontak by 079 176 4012
- Kerkraadsvergadering: 17 Augustus

## Mammas wat glo

- Baie dankie aan Karien Muller met 'n besonderse byeenkoms. Ons waardeer die inisiatief en die ongelooflike harde werk wat in die projek gaan. Ons sien uit met wat nog kom!

## Ons leer

Wil jy groei in jou geloof?

### Woordskool

Dis informeel, gemaklik en almal is welkom.

11 Augustus 2026: 18:30
12 Augustus 2026: 09:30

Ons reis weer hierdie jaar saam met die 40 DAE tydens Woordskool. Enige persoon kan kom inskakel is welkom vir hierdie 6 byeenkomste (elke week 1).





# SAVE THE DATE

## SENIOR LIDMATE FUNKSIE

5 AUGUSTUS 2026

12:00

## TOEKA SE TIENERS

– WINTERKUIER –

KONTAKPERSON:
JOAN ROSSOUW
083 231 0766

wellington-noord
Geloofsgemeenskap




# WENNERS! WENNERS! WENNERS!

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Bontes | Jean Joubert | 21 | Lady in Red | Christoff van Wyk |
| 2 | Pampoen | PW Botha | 22 | Oupa | Andre Malan |
| 3 | John Deere | Rudene Zulch | 23 | Blue Lady | Erich Nel |
| 4 | The Duke | Joachim Steyn & Charl Ackermann | 24 | Super Blue | Altus Steenkamp |
| 5 | Pieter-Steph | PW Botha | 25 | Unlucky Hen | Elizma Botha |
| 6 | Ouma | Quinn Roos | 26 | Herman | Koos Malan |
| 7 | Wonder Woman | Quinn Roos | 27 | Solid Gold | Quinn Roos |
| 8 | Laaste | Danie Theart | 28 | Favourite | Nicola Malan |
| 9 | Super Gaby | Walter Smit | 29 | Lion | Tessa van der Westhuizen |
| 10 | Money Maker | Quinn Roos | 30 | Dollar combo | Koch Malherbe |
| 11 | Best Kittel | Rudene Zulch | 31 | Baby ab | Jean Joubert |
| 12 | Lady Di | Chris Buckle | 32 | Thomas | Anton Rautenbach |
| 13 | Vasbyter | Stacey | 33 | Jakkals Vibes | Anton Rautenbach |
| 14 | Pretty Woman | MJ van Niekerk | 34 | Marie Biscuit | Philip Botha |
| 15 | Miss Reliable | Altus Steenkamp | 35 | Los My | Quinn Roos |
| 16 | Donker Swaan | Anton Rautenbach | 36 | Spedometer | Johan |
| 17 | Dark Lady | Maxine Luck | 37 | HOWA | De Waal Malherbe |
| 18 | Wing It | Quinn Roos | 38 | Dricus | Quinn Roos |
| 19 | PW | PW Botha | 39 | King | Francois Lochner |
| 20 | Sussie | Jurie de Wet | 40 | Toppie | Quinn Roos |

Baie dankie aan almal wat deelgeneem het aan ons duiweveiling – julle ondersteuning en entoesiasme het dit tot 'n groot sukses gemaak. Spesiale gelukwense aan al die wenners!

Spesiale woord van dank aan die organiseerders, veilingspan en vrywilligers vir jul harde werk.

Ons sien reeds uit na die volgende veiling.

WELLINGTON-NOORD

Ned. Geref. Kerk
WELLINGTON-NOORD
Geloofsgemeenskap

# BASAAR

**5 SEPTEMBER 2026**

*Heerlike ontbyt*

**Begin om 08:00**

- Kafee
- Potjiekos
- Koeke & Terte
- Hamburgers
- Poedingtafel
- Hotdogs & Pasteie
- Pannekoek
- Kindervermaak
- Vleis- & Groentetafel

**Vir die hele gesin!**

*Maccronestraat 11, Wellington*

Kerkkantoor nommer is 021 873 2763 | info@wellingtonnoord.co.za






Met groot blydskap wens ons vir mnr. Nico Burger geluk met sy aanstelling as hoof van Hugenote Hoërskool.

Mag u leierskap 'n lamp wees wat lig bied in die klaslokale, in die sportvelde en in die harte van ons jongmense. Skole bou nie net kennis nie – hulle vorm drome, karakter en die toekoms van ons dorp. Ons vertrou dat u visie en toegewyde gees sal saai, sodat dit vrug sal dra van samewerking, trots en hoop in u skool en ook ons gemeenskap.

Sterkte in hierdie belangrike roeping. Ons staan by u, bid vir wysheid en seën oor u en die hele skoolgemeenskap. Saam bou ons 'n sterker Hugenote en Wellington.

## DEURKOLLEKTE




Sunfield Home in Wellington is 'n liefdevolle huis vir volwasse persone met intellektuele gestremdhede, gestig deur Chris en Lynne Bennett. Die deure het amptelik geopen op 1 Januarie 1991 en die organisasie is op 28 Maart 1996 geregistreer. Wat aanvanklik met sewe inwoners begin het, bied Sunfield nou 'n tuiste aan ongeveer 103 inwoners en 12 dag-sorgindividue, met ouderdomme van 18 tot ver bo 70 jaar. Geleë in die voetheuwels van die Hawequa-berge by die ingang van die Bainskloofpas, kombineer die sentrum sorg en vaardigheidsontwikkeling. Sunfield beklemtoon waardigheid en 'n hoë lewenskwaliteit deur gestruktureerde dagaktiwiteite en beskermende werksgeriewe. Die organisasie nooi die gemeenskap uit om betrokke te raak deur ondersteuning, skenkings en bewusmakings sodat elke inwoner met waardigheid en liefde kan floreer.

# KONINKRYKSTYD

**Koninkrykstyd strek vanaf Pinkster tot Advent.**

Laai die DinkJeug Families app af. Luister, lees, gesels en bid saam.



## HUISGELOOF

## 26 JULIE 2026

## WYSHEID

## 1 KON 3 EN ROM 8

### OMGEE

Kry 'n dobbelssteen en antwoord telkens die vraag wat met die nommer wat jy gooi ooreenstem:

1. Gunsteling OT verhaal
2. Gunsteling NT storie
3. Gunsteling teks
4. Gunsteling Bybelliedjie
5. Gunsteling Psalm
6. Gunsteling wonderwerk

### GESELS

Koning Salomo kan kies wat die Here vir hom moet gee:
**Lees: 1 Kon 3:5-12**

- Watter 3 dinge kies Salomo nie? (vers 11)
- Watter drie dinge sal mense vandag graag kies?
- Lees weer vers 9: Waarvoor vra Salomo?
- Lees vers 13: Wat sê dit vir jou van die Here?
- Wat sal die regte ding/die wyse ding wees om vandag van die Here te vra?

### DOEN

Lees **Rom 8:26-39**. Kies een vers/belofte waaraan jy wil vashou en skryf dit neer.
Plaas dit by die Koninkrykstyd-uitstalling saam met **'n oop Bybel** as 'n simbool van die Here wat ons deur sy Woord wysheid gee.

### BID

Dankie dat U vir ons lei deur u Woord om met wysheid te leef ...

DINK JEUG Families

**Laai die DinkJeug Families app gratis af:**

Google Play:

Apple iStore:

Ned. Geref. Kerk
WELLINGTON-NOORD
Geloofsgemeenskap

# GEMEENTEKAMP
# 2026





Leeuwenboschfontein

9-11
OKT
2026

Kontak Hennie Cronjé
vir navrae en besprekings
082 774 4106



NED. GEREF. KERK WELLINGTON-NOORD
*Geloofsgemeenskap*

# WIT OLIFANT TAFEL

met

## KLEREKASMARK

# BASAAR

## 5 SEPTEMBER 2026

**TWEEDEHANDSE GOEDERE**

**'N TWEEDE KLEREKAS**

**LEWER ASSEBLIEF AF BY DIE KERKKANTOOR.**

**KONTAKPERSOON:**
**WOUTER DE WET 084 446 0777**




# BASAAR
## VLEISTAFEL

Ons jaarlikse kerkbasaar is een van ons drie grootste insamelings!

Ons vra graag skenkings vir gewilde vleistafel (bees en vark) of kontantdonasies om die tafel en basaar 'n sukses te maak.

Enigeen wat wil bydra, kan asseblief vir Sas Oosthuizen kontak by 082 373 6580.

Baie dankie vir julle ondersteuning!

**BASAAR | NOORDKERK | 5 SEPTEMBER 2026** SAVE the DATE

